(4) 'n Onderwyser moet voortgaan om tot die Fonds by te dra, terwyl hy op verlof met vol betaling is, of met minder as vol betaling, en sy bydraes sal voortgaan om op sy vol op pensioen reggewende emolumente te wees. 'n Onderwyser kan verkies om ten opsigte van enige tydperk van bewilligde verlof van afwesigheid sonder betaling by te dra.

(5) 'n Onderwyser moet voortgaan om tot die Fonds by te dra, terwyl hy op siekverlof met betaling afwesig is. Onverskillig of siekverlof gegee is met vol betaling of met betaling van minder as vol betaling is bydraes betaalbaar op die vol op pensioen reggewende emolumente wat getrek sou gewees het, as die onderwyser nie op siekverlof gewees was nie.

5. Vanaf en na die vasgestelde datum moet daar uit inkomste aan die Fonds betaal word —

- (a) 'n som gelyk aan die aggregaat van die bydraes tot die Fonds gegee deur onderwysers en persone kragtens die bepalings van hierdie Proklamasie en die afrekkings gemaak van die salarisse van onderwysers en persone kragtens Hoofstuk IX (Pensioene) van "De Onderwijs Proklamatie 1921" (Proklamasie No. 55 van 1921), ten opsigte van daardie tyd;
- (b) 'n som gelyk aan die aggregaat van die bydraes tot die Fonds gegee deur onderwysers, met rente ten opsigte van enige tydperk of tydperke van vorige diens, wat binne die betekenis van die uitdrukking "onderwysing" val, soos bepaal in artikel *een* van die Onderwys Proklamasie, gelees met artikel *een* van hierdie Proklamasie;
- (c) rente teen die koers van vier persent per jaar bereken op die daaglikse gemiddelde onbelegde balans van die Fonds.

Die bedrae betaalbaar kragtens paragrawe (a) en (b) van hierdie artikel moet betaal word, as die betrokke bedrae afgetrek word van die emolumente van die onderwysers, en die bedrae betaalbaar kragtens paragraaf (c) moet betaal word op die een-en-dertigste dag van Maart in elke jaar.

6. Onderhewig aan die bepalings van hierdie Proklamasie moet enige annuïteit wat uit die Fonds betaalbaar is gebaseer wees op die gemiddelde op pensioen reggewende emolumente van die aftredende onderwyser vir die hele tydperk van sy bydraes of vir die laaste vyf-en-twintig jare daarvan, al na watter tydperk die korter mag wees, en moet bereken word teen een sestigste van daardie gemiddelde op pensioen reggewende emolumente vir elke jaar van bydrae: Met die verstande dat —

- (a) geen annuïteit uit die Fonds aan enige persoon uit die Fonds betaal mag word nie, totdat hy bydraes gegee het ten opsigte van 'n tydperk van tien jare of meer in die diens van die Departement deurgebring;
- (b) die persoon in ander opsigte geregtig is op 'n annuïteit onder hierdie Proklamasie.

Vir die doeleindes van hierdie artikel moet die tydperk van bydraes bereken word per jaar en maand en breuke van 'n maand word nie in aanmerking geneem nie, en die op pensioen reggewende emolumente van die onderwyser gedurende enige tydperk van vorige diens ten opsigte waarvan hy bydraes gegee het kragtens die bepalings van onderartikkel (4) van artikel *drie* of onderartikkel (3) van artikel *dertig* word geag die emolumente te wees, wat hy werklik gedurende daardie tydperk verkry het of sodanige gedeelte van sodanige emolumente as die Direkteur mag beslis, met inagneming van die wet of kontrak wat sy diens gedurende daardie tydperk beheers het.

(3) In the payment of the instalments of the contributions with interest in respect of any period or periods referred to in sub-section (4) of section *three* or sub-section (3) of section *thirty* of this Proclamation, the deductions to be made from a teacher's salary shall be at a rate to be fixed by the Accounting Officer for the Territory, regard being had to the amount of the arrear contributions due, the period which is likely to elapse before the teacher's retirement on superannuation and his current pensionable emoluments, but such rate shall not be less than three per cent. of his current pensionable emoluments. Nothing herein contained shall be deemed to limit the right of any teacher if he so desires, to make payment at a higher rate until the arrear contributions have been paid off.

(4) A teacher shall continue to contribute to the Fund while on leave with full pay, or with less than full pay, and his contributions shall continue to be on his full pensionable emoluments. A teacher may elect to contribute in respect of any period of authorised leave of absence without pay.

(5) A teacher shall continue to contribute to the Fund whilst absent on sick leave with pay. Whether sick leave is granted with full pay or with pay less than full pay, contributions shall be payable on the full pensionable emoluments which would have been drawn if the teacher had not been on sick leave.

5. From and after the fixed date there shall be paid out of revenue to the Fund—

- (a) a sum equal to the aggregate of the contributions to the Fund made by teachers and persons under the provisions of this Proclamation and the deductions made from the salaries of teachers and persons under Chapter IX (Pensions) of the Education Proclamation, 1921 (Proclamation No. 55 of 1921), in respect of the time then current;
- (b) a sum equal to the aggregate of the contributions to the Fund made by teachers, with interest, in respect of any period or periods of past employment falling within the meaning of the term "experience", as defined in section *one* of the Education Proclamation, read with section *one* of this Proclamation;
- (c) interest at the rate of four per cent. per annum calculated on the daily average uninvested balance of the Fund.

The amounts payable under paragraphs (a) and (b) of this section shall be paid when the corresponding amounts are deducted from the emoluments of the teachers, and the amounts payable under paragraph (c) shall be paid on the thirty-first day of March in each year.

6. Subject to the provisions of this Proclamation any annuity payable out of the Fund shall be based on the average pensionable emoluments of the retiring teacher for the whole period of his contributions or for the last twenty-five years thereof, whichever period may be the shorter and shall be calculated at the rate of one-sixtieth of those average pensionable emoluments for each year of contribution:

Provided that—

- (a) no annuity shall be paid out of the Fund to any person until contributions have been made by him in respect of a period of ten years or more spent in the service of the Department;
- (b) the person is in other respects entitled to an annuity under this Proclamation.

For the purposes of this section the period of contributions shall be calculated by the year and month and fractions of a month shall be disregarded, and the pensionable emoluments of the teacher during any period of past employment in respect of which he has made contributions under the provisions of sub-section (4) of section *three* or sub-section (3) of section *thirty* shall be deemed to be the emoluments actually received by him during that period or such portion of such emoluments as the Director may decide, regard being had to the law or contract which governed his employment during that period.

7. (1) Behoudens die bepalings van onderartikel (3) van hierdie artikel het 'n onderwyser wat die ouderdom van sestig jare bereik het, die reg om uit die diens van die Departement te tree. 'n Onderwyser wat daardie leeftyd bereik het, is verplig om aldus af te tree, tensy die Direkteur van mening is dat dit in die publieke belang is om hom bo daardie ouderdom in die diens van die Departement aan te hou, en in daardie geval kan sodanige onderwyser van tyd tot tyd vir verder tydperke (een jaar met eens nie te bowe gaande nie) tot die leeftyd van vyf-en-sestig jare aangehou word, na watter ouderdom geen onderwyser in die diens van die Departement aangehou mag word nie, behalwe op die skriftelike instruksies van die Administrateur.

(2) Behalwe soos in onderartikel (3) van hierdie artikel voorsien, kan van 'n onderwyser wat die leeftyd van vyf-en-vyftig jare bereik het verlang word dat hy aftree, maar al die betalings wat ten opsigte van 'n annuïteit geskied is, voordat die onderwyser die leeftyd van sestig jare bereik het, moet uit inkomste betaal word en nie uit die Fonds nie.

(3) In die geval van 'n vrou word die verskillende leeftye genoem in onderartikels (1) en (2) van hierdie artikel, onder die daarin beskrywe omstandighede, in elke geval met vyf jare verminder.

(4) 'n Onderwyser wat kragtens die bepalings van hierdie artikel aftree of afgedank word, nadat hy tot die Fonds bygedra het ten opsigte van 'n tydperk van tien jare of meer in die diens van die Departement deurgebring, is geregtig om, ten opsigte van die hele van sy voltooide tydperk van bydraes, 'n annuïteit te ontvang bereken soos in artikel ses voorsien.

8. (1) 'n Onderwyser wat, nadat hy tot die Fonds bygedra het ten opsigte van 'n tydperk van tien jare of meer in die diens van die Departement deurgebring, deur die Direkteur beskou word onbekwaam te wees om die pligte van sy pos behoorlik uit te voer ten gevolge van 'n aanhoudend slegte gesondheid sonder sy eie skuld veroorsaak, moet afgedank word en is geregtig om ten opsigte van die hele van sy voltooide tydperk van bydraes 'n annuïteit te ontvang, bereken soos voorsien in artikel ses.

(2) As 'n onderwyser, aan wie 'n annuïteit kragtens onderartikel (1) van hierdie artikel toegeken is, binne twee jare na die tydelike afdanking deur die Direkteur beskou word hekwaam vir diens en nog benede die leeftydgrens te wees, kan van hom verlang word dat hy sy plig hervat in sy vorige of in enige ander pos. As hy weier om sy diens sonder redelike oorsaak te hervat, hou die annuïteit voorsien kragtens onderartikel (1) op:

Met die verstande dat—

- (a) die op pensioen reggewende emolumente wat deur hom getrek moet word nie minder sal wees nie as die op pensioen reggewende emolumente deur hom getrek onmiddellik voor sy tydelike afdanking;
- (b) enige pensioen wat hy tydens die hervatting van sy diens getrek het, sal eindig;
- (c) hy by sy finale afdanking vir pensioen-doelindes geregtig is om die tydperke van diens voor en na sy tydelike afdanking bymekaar te tel, as hy gedurende daardie later tydperk tot die Fonds bydra.

As van 'n onderwyser na afloop van twee jare vanaf die datum van sy tydelike afdanking nie verlang word dat hy sy diens hervat nie of as hy nog onbekwaam vir diens is, word hy geag finaal uit die diens van die Departement getree te hê, en word die toekenning van die annuïteit bekragtig.

(3) Geen bepaling in paragraaf (a) van die voorbehoud van die laasvooraangaande onderartikel bevat sal die onderwyser se verpligting om 'n vermindering van emolumente weens wangedrag te ondergaan op enige wyse beïnvloed nie.

9. 'n Amptenaar wat tot die Fonds bygedra het ten opsigte van 'n tydperk van tien of meer jare in die diens van die Departement deurgebring, is, as sy aanstelling kragtens die bepalings van onderartikel (1) van artikel ses-en-veertig, artikel vyftig of artikel een-en-sewentig van die Onderwys Proklamasie beëindig word, geregtig om 'n annuïteit, hereken soos voorsien in artikel ses, te ontvang ten opsigte van die hele van sy voltooide tydperk van bydraes. Al die betalings van enige sodanige annuïteit wat geskied is, voordat sodanige onderwyser die leeftyd van sestig jare, in die geval van 'n man, of vyf-en-vyftig jare, in die geval van 'n vrou, bereik het, moet uit inkomste betaal word en nie uit die Fonds nie, maar al sodanige betalings nadat die onderwyser daardie ouderdom bereik, moet uit die Fonds geskied.

7. (1) Save as is provided in sub-section (3) of this section, a teacher who has attained the age of sixty years shall have the right to retire from the service of the Department. A teacher who has attained that age shall be required so to retire unless the Director considers that it is in the public interest to retain him in the service of the Department over that age, and in that event such a teacher may from time to time be retained for further periods (not exceeding one year at a time) up to the age of sixty-five years, after which age no teacher shall be retained in the service of the Department except upon the written instructions of the Administrator.

(2) Save as is provided in sub-section (3) of this section a teacher who has attained the age of fifty-five years may be required to retire, but all payments made of an annuity before the teacher has reached the age of sixty years shall be paid out of revenue and not out of the Fund.

(3) In the case of a woman the several ages mentioned in sub-sections (1) and (2) of this section shall, in the circumstances therein described, be reduced by five years in each case.

(4) A teacher who, having contributed to the Fund in respect of a period of ten years or more spent in the service of the Department, retires or is retired under the provisions of this section, shall be entitled to receive in respect of the whole of his completed period of contributions an annuity calculated as is provided in section six.

8. (1) A teacher who, having contributed to the Fund in respect of a period of ten years or more spent in the service of the Department, is found by the Director to be unfit owing to continuous ill-health occasioned without his own default to discharge efficiently the duties of his post, shall be temporarily retired and shall be entitled to receive in respect of the whole of his completed period of contributions an annuity calculated as is provided in section six.

(2) If a teacher to whom an annuity has been granted under sub-section (1) of this section is found by the Director within two years after the temporary retirement to be fit for duty and to be still under the age of superannuation, he may be required to resume duty in his former or in any other post. If he refuses to resume duty without reasonable cause, the annuity provided under sub-section (1) shall cease:

Provided that—

- (a) the pensionable emoluments to be drawn by him shall not be less than the pensionable emoluments drawn by him immediately prior to his temporary retirement;
- (b) any pension which he was drawing at the time of resuming duty shall determine;
- (c) on his final retirement he shall be entitled for the purposes of pension to add together the periods of employment prior to and subsequent to his temporary retirement if he contributes to the Fund during that subsequent period.

If, on the expiration of two years from the date of his temporary retirement, a teacher has not been required to resume duty or is still unfit for duty, he shall be deemed to have finally retired from the service of the Department, and the grant of the annuity shall be confirmed.

(3) Nothing in paragraph (a) of the proviso to the last-preceding sub-section contained shall in any way affect the teacher's liability to suffer reduction of emoluments for misconduct.

9. An officer who has contributed to the Fund in respect of a period of ten years or more spent in the service of the Department, shall, if his appointment is terminated under the provisions of sub-section (1) of section forty-six, section fifty or section seventy-one of the Education Proclamation, be entitled to receive in respect of the whole of his completed period of contributions, an annuity calculated as is provided in section six. All payments of any such annuity made before such a teacher attains the age of sixty years, in the case of a man, or fifty-five years, in the case of a woman, shall be paid out of revenue and not out of the Fund, but all such payments after the teacher attains that age shall be made out of the Fund.

10. (1) 'n Onderwyser wat vrywillig uit die diens van die Departement tree, voordat hy die leeftydgrens bereik het, of wat aftree of afgedank word vir enige oorsaak waarvoor geen voordeel elders in hierdie Proklamasie voorsien is nie, is, tensy die afdanking geskied kragtens die bepalings van artikel *agt* van hierdie Proklamasie of van onderartikel (1) van artikel *ses-en-veertig*, artikel *vyftig* of artikel *een-en-sewentig* van die Onderwys Proklamasie, geregtig op die volgende voordele:—

- (a) as hy vir 'n tydperk van minder as vyftien jare deurgebring in die diens van die Departement bygedra het, 'n terugbetaling van sy eie bydraes sonder rente;
- (b) as hy vir 'n tydperk van vyftien jare maar benede twintig jare deurgebring in die diens van die Departement bygedra het, 'n terugbetaling van sy eie bydraes tesame met rente teen die koers van vier persent per jaar;
- (c) as hy vir 'n tydperk van twintig jare maar benede vyf-en-twintig jare deurgebring in die diens van die Departement bygedra het, 'n bedrag gelyk aan die dubbelde van sy eie bydraes sonder rente;
- (d) as hy vir 'n tydperk van vyf-en-twintig of meer jare deurgebring in die diens van die Departement bygedra het, 'n bedrag gelyk aan die dubbelde van sy bydraes, tesame met rente teen die koers van vier persent per jaar,

en na betaling van sodanige som het die voormelde onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds nie.

(2) As 'n onderwyser weens wangedrag ontslaan word, of as hy aftree of as hy versoek word om te bedank ten einde sodanige ontslag te vermy moet die bedrag van sy bydraes aan hom terugbetaal word sonder rente. Met die verstande dat in die geval van 'n onderwyser wat aldus ontslaan is, die Rekenmeester vir die Gebied van enige som wat aan sodanige onderwyser kragtens hierdie onderartikel betaalbaar is, die bedrag van enige direkte verlies wat die Administrasie ter oorsake van sodanige wangedrag gely mag hê, kan aftrek, en geen betaling van die vol bedrag mag geskied nie, tensy die Rekenmeester oortuig is dat, vir sover vasgestel kan word, die Administrasie geen direkte verlies ter oorsake van sodanige wangedrag gely het nie. Na betaling van sodanige som, as daar enige is, het sodanige onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds nie.

(3) 'n Onderwyser wie se aanstelling voor die vasgestelde datum plaasgevind het en wat onder ander omstandighede as dié beskrywe in artikel *tree-en-sestig* van "De Onderwys Proklamasie 1921" (Proklamasie No. 55 van 1921) of te enige ander tyd na die eerste dag van Januarie 1926 uit die diens van die Departement afgetree het of aftree, of afgedank is of word, word geregtig op 'n terugbetaling van sy eie bydraes sonder rente. Met die verstande dat hierdie onderartikel geen toepassing het nie op enige sodanige onderwyser wat geregtig is om 'n annuïteit kragtens die bepalings van daardie Proklamasie te ontvang, of wat, ooreenkomstig onderartikel (1) van artikel *dertig* van hierdie Proklamasie, verkies het om kragtens die bepalings van hierdie Proklamasie tot 'n pensioen by te dra:

Met die verstande verder dat, in die geval van 'n onderwyser wat weens wangedrag ontslaan is of word of wat afgetree het of aftree of versoek is of word om te bedank, ten einde sodanige ontslag te vermy, die Rekenmeester vir die Gebied van enige som wat kragtens hierdie onderartikel aan sodanige onderwyser betaalbaar is, die bedrag van enige direkte verlies wat die Administrasie ter oorsake van sodanige wangedrag gely mag hê, kan aftrek, en geen betaling van die vol bedrag mag geskied nie, tensy die Rekenmeester oortuig is dat, vir sover vasgestel kan word, die Administrasie geen direkte verlies ter oorsake van sodanige wangedrag gely het nie. Na betaling van sodanige som, as daar enige is, het sodanige onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds nie.

11. 'n Onderwyser is, op versoek, geregtig op die betaling van 'n som gelyk aan die dubbelde van die bedrag van sy eie bydraes, sonder rente, as hy ter oorsake van bereiking van die leeftydgrens of kragtens die bepalings van artikel *agt* van hierdie Proklamasie of kragtens die bepalings van onderartikel (1) van artikel *ses-en-veertig*, artikel *vyftig* of artikel *een-en-sewentig* van die Onderwys Proklamasie, maar voordat hy klaar bydraes betaal het ten opsigte van 'n tydperk van tien jare deurgebring in die diens van die Departement, aftree of moet aftree, en na betaling van die voormelde som het die voormelde onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds nie.

12. (1) Onderhewig aan die bepalings van onderartikel (3) van hierdie artikel, as 'n onderwyser voor sy aftreding uit die diens van die Departement kom te sterwe, moet daar aan of ten bate van die persone genoem in onderartikel (3) 'n gratifikasie gelyk aan die dubbelde van die bedrag van sy bydraes, sonder rente, betaal word. Hierdie onderartikel het geen toepassing op enige geval wat binne die bepalings van artikel *vyftien* val nie.

10. (1) A teacher who retires voluntarily from the service of the Department before superannuation, or who retires or is retired for any reason for which a benefit is not provided elsewhere in this Proclamation, shall, unless the retirement is under the provisions of section *eight* of this Proclamation or of sub-section (1) of section *forty-six*, section *fifty* or section *seventy-one* of the Education Proclamation, become entitled to the following benefits:—

- (a) if he has contributed for a period of less than fifteen years spent in the service of the Department, a refund of his own contributions without interest;
- (b) if he has contributed for a period of fifteen years but under twenty years spent in the service of the Department, a refund of his own contributions together with interest at the rate of four per cent. per annum;
- (c) if he has contributed for a period of twenty years but under twenty-five years spent in the service of the Department, an amount equal to twice his own contributions without interest;
- (d) if he has contributed for a period of twenty-five years or more spent in the service of the Department, an amount equal to twice his own contributions, together with interest at the rate of four per cent. per annum,

and on payment of such sum the said teacher shall have no further claim upon the Fund.

(2) If a teacher be discharged on account of misconduct, or retire or be called upon to resign in order to avoid such discharge, he shall be refunded the amount of his contributions, without interest: Provided that in the case of a teacher so discharged the Accounting Officer for the Territory may deduct from any sum payable to such teacher under this sub-section the amount of any direct loss which the Administration may have sustained by reason of such misconduct, and payment of the full amount shall not be made unless the Accounting Officer is satisfied that, as far as can be ascertained, the Administration has sustained no direct loss by reason of such misconduct. On payment of such sum, if any, such teacher shall have no further claim upon the Fund.

(3) A teacher whose appointment took effect prior to the fixed date and who has retired or retires, or has been or is retired, from the service of the Department under circumstances other than those described in section *sixty-two* of the Education Proclamation, 1921 (Proclamation No. 55 of 1921), on or at any time after the first day of January, 1926, shall become entitled to a refund of his own contributions without interest:

Provided that this sub-section shall not apply to any such teacher who is entitled to receive an annuity under the provisions of that Proclamation or who, in terms of sub-section (1) of section *thirty* of this Proclamation, has elected to contribute towards a pension under the provisions of this Proclamation:

Provided further that, in the case of a teacher who has been or is discharged on account of misconduct or who has retired or retires or has been or is called upon to resign in order to avoid such discharge, the Accounting Officer for the Territory may deduct from any sum payable to such teacher under this sub-section the amount of any direct loss which the Administration may have sustained by reason of such misconduct, and payment of the full amount shall not be made unless the Accounting Officer is satisfied that, as far as can be ascertained, the Administration has sustained no direct loss by reason of such misconduct. On payment of such sum, if any, such teacher shall have no further claim upon the Fund.

11. A teacher shall be entitled, on application, to the payment of a sum equal to twice the amount of his own contributions, without interest, if he retires or is required to retire by reason of superannuation or under the provisions of section *eight* of this Proclamation or under the provisions of sub-section (1) of section *forty-six*, section *fifty* or section *seventy-one* of the Education Proclamation, but before he has completed contributions in respect of a period of ten years spent in the service of the Department, and on payment of the sum aforesaid the said teacher shall have no further claim upon the Fund.

12. (1) Subject to the provisions of sub-section (3) of this section, if a teacher dies before his retirement from the service of the Department, there shall be paid to or for the benefit of the persons mentioned in sub-section (3), a gratuity equal to twice the amount of his contributions, without interest. This sub-section shall not apply to any case falling within the provisions of section *fifteen*.

(2) Onderhewig aan die bepalinge van onderartikel (3) van hierdie artikel, as enige onderwyser wat uit die diens van die annuïteit onder hierdie Proklamasie getree het, binne vyf jare na die datum van sy aftreding te sterwe kom, moet daar aan of ten bate van die persone genoem in onderartikel (3) of die annuïteit wat sodanige onderwyser, as hy nie oorlede was nie, gedurende die onafgelope gedeelte van die tydperk vyf jare voormeld getrek sou hê, of 'n gratifikasie gelyk aan die verskil tussen 'n som gelyk aan vyf maal daardie annuïteit en die annuïteitsbetalings wat werklik aan die onderwyser of ten behoeve van die onderwyser voor sy dood geskied is, betaal word.

(3) Die gratifikasie of annuïteit onder onderartikel (1) of (2) mag alleen betaal word, as die oorlede onderwyser 'n weduwee of wewenaar of onmondige kinders of, by gebreke aan 'n weduwee of wewenaar of onmondige kinders, enige kinders of familiebetrekkings of ander persone wat van hom of haar afhanklik is vir onderhoud en ondersteuning, agterlaat. In elke sodanige geval moet die betaling aan of ten bate van een of meer sodanige persone geskied en die keuse van die persoon of persone is in die diskresie van die Administrateur.

(4) As die voormelde annuïteit of gratifikasie betaal is, is die Administrasie en die Fonds vrygestel van enige verder betaling.

(5) Ingeval agterstallige bydraes op die datum van die onderwyser se dood onbetaald bly, moet die uitstaande bedrag afgeskrywe word.

13. Die pensioene of ander voordele betaalbaar kragtens die twee hierop volgende artikels is ten laste van en betaalbaar uit inkomste.

14. (1) As 'n onderwyser wat bydraes gee tydens sy aftreding uit die diens van die Departement ingevolge bereiking van die leeftydgrens geregtig was op 'n annuïteit, maar ter oorsake van ernstige liggaamlike letsel of permanente slegte gesondheid veroorsaak sonder sy skuld by die uitoefening van en spesiaal te wyte aan sy diens as 'n onderwyser verplig is om daaruit te tree, voordat hy daardie ouderdom hereik het, moet die Administrateur hom 'n pensioen volgens die volgende tarief toeken, naamlik:-

(a) as dit uit die voorgeskrywe geneeskundige sertifikaat blyk dat sy vermoë om tot die onderhoud van homself en sy afhanklikes by te dra tot taggentig persent of meer beskadig is, 'n annuïteit van nie minder as die helfte van sy jaarlikse op pensioen reggewende emolumente op die datum van aftreding nie;

(b) as dit blyk dat sy vermoë om tot die onderhoud van homself en sy afhanklikes by te dra tot veertig persent minder as taggentig persent beskadig is, 'n annuïteit van ten minste een sestigste van sy gemiddelde jaarlikse op pensioen reggewende emolumente gedurende die hele tydperk van sy bydraes of vir die laaste vyf-en-twintig diensjare, al na watter die korter is, vir elke jaar van bydrae en bereken op daardie emolumente, sy op pensioen reggewende emolumente gedurende enige tydperk van vorige diens ten opsigte waarvan hy kragtens die bepalinge van onderartikel (4) van artikel drie of onderartikel (3) van artikel dertig bydraes gegee het, word geag die emolumente te wees wat werklik deur hom ontvang is gedurende daardie tydperk of sodanige gedeelte van sodanige emolumente as die Direkteur mag bepaal, met inagneming van die wet of kontrak waaraan sy diens gedurende daardie tydperk onderhewig was;

(c) as dit blyk dat sy vermoë om tot die onderhoud van homself en sy afhanklikes by te dra minder as veertig persent beskadig is, 'n annuïteit van hoogstens een kwart van sy jaarlikse op pensioen reggewende emolumente op die datum van aftreding of 'n gratifikasie wat die op pensioen reggewende emolumente van een jaar nie te bowe gaan nie, al na die omstandighede mag vereis:

met die verstande dat 'n bedrag gelyk aan die dubbelde van die bydraes deur die voormelde onderwyser gegee, tesame met rente teen vier persent per jaar, uit die Fonds in inkomste gestort moet word:

Met die verstande voorts dat die onderwyser nie aanspreeklik is vir die klaar betaling van enige agterstallige bydraes nie, wat afgeskrywe moet word:

Met die verstande eindelijk, dat die pensioen onder hierdie artikel in geen geval minder mag wees nie as dié wat betaalbaar sou gewees het, as die onderwyser op grond van slegte gesondheid, nie veroorsaak by die uitvoering van sy pligte as 'n onderwyser nie, afgedank was.

(2) Waar 'n verbetering in die toestand van die aldus afgedankte onderwyser of sy uiteindelijke herstel verwag mag word, moet enige annuïteit in die eerste plek tydelik toegeken word, en is van tyd tot tyd onderhewig aan

(2) Subject to the provisions of sub-section (3) of this section, if any teacher who has retired from the service of the Department on an annuity under this Proclamation dies within five years after the date of his retirement there shall be paid to or for the benefit of the persons mentioned in sub-section (3) either the annuity which such teacher, if he had not died, would have drawn during the unexpired portion of the period of five years aforesaid, or a gratuity equal to the difference between a sum equal to five times that annuity and the annuity payments actually made to the teacher or on the teacher's behalf before death.

(3) The gratuity or annuity under sub-section (1) or (2) shall only be paid when the deceased teacher leaves a widow or widower or minor children or failing a widow or widower or minor children any children or relatives or other persons dependent upon him or her for support and maintenance. In every such case the payment shall be made to or for the benefit of one or more of such persons and the selection of the person or persons shall be in the discretion of the Administrator.

(4) When the said annuity or gratuity has been paid, the Administration and the Fund shall be exempt from any further payment.

(5) In the event of arrear contributions remaining unpaid at the date of the teacher's death, the amount still outstanding shall be written off.

13. The pensions or other benefits payable under the next two succeeding sections shall be charged upon and payable out of revenue.

14. (1) If a teacher who makes contributions would, at his retirement from the service of the Department at the age of superannuation, have been entitled to an annuity, but is compelled to retire therefrom before attaining that age by reason of severe bodily injury or permanent ill-health occasioned without his default in the discharge of and specially attributable to his duties as a teacher, the Administrator shall grant him a pension at the following rate, namely:-

(a) if it appears from the prescribed medical certificate that his capacity to contribute to the support of himself and his dependents is impaired to the extent of eighty per cent. or over, an annuity of not less than half his annual pensionable emoluments at the date of retirement;

(b) if it appears that his capacity to contribute to the support of himself and his dependents is impaired to the extent of forty but less than eighty per cent., an annuity at the rate of at least one-sixtieth of his average annual pensionable emoluments during the whole period of his contributions or for the last twenty-five years of service, whichever may be the shorter, for each year of contribution and calculated upon those emoluments, his pensionable emoluments during any period of past employment in respect of which he has made contributions under the provisions of sub-section (4) of section three or sub-section (3) of section thirty being deemed to be the emoluments actually received by him during that period or such portion of such emoluments as the Director may decide, regard being had to the law or contract which governed his employment during that period;

(c) if it appears that his capacity to contribute to the support of himself and his dependents is impaired to the extent of less than forty per cent., an annuity not exceeding one quarter of his annual pensionable emoluments at the date of retirement or a gratuity not exceeding one year's pensionable emoluments, as the circumstances of the case may require:

Provided that an amount equal to twice the contributions made by the said teacher, together with interest at four per cent. per annum, shall be paid to revenue out of the Fund:

Provided, further, that the teacher shall not be liable for the completion of the payment of any arrear contributions, which shall be written off: Provided, lastly, that in no case shall the pension under this section be less than that payable if the teacher had been retired on the grounds of ill-health not occasioned in the discharge of his duties as a teacher.

(2) Where an improvement in the condition of the teacher so retired or his eventual restoration to health may be expected, any annuity shall in the first instance be granted temporarily, and shall be subject to revision from time to

hersiëning, totdat hy gestaak kan word of totdat die mate van sy onvermoë finaal vasgestel kan word. As dit binne 'n tydperk van twee jare uit die voorgeskrywe geneeskundige sertifikaat blyk dat die onvermoë van 'n aldus afgedankte onderwyser om tot die onderhoud van homself en sy afhanklikes by te dra verhoog is, kan 'n annuïteit toegeken kragtens paragraaf (b) of (c) van onderartikel (1) van hierdie artikel hersien word.

(3) Die bepalings van onderartikel (2) en (3) van artikel *agt* het, *mutatis mutandis*, toepassing op enige annuïteit kragtens hierdie artikel toegeken.

15. (1) As 'n onderwyser wat bydraes gee sy lewe verloor hetsy ten gevolge van 'n letsel opgedoen, hetsy ten gevolge van 'n siekte gekry onder die omstandighede beskrywe in die laasvooraangaande artikel, onverskillig of die dood onmiddellik of binne een jaar na die letsel of die begin van die siekte voorkom al dan nie, moet die Administrateur aan of ten bate van sodanige afhanklikes van die oorlede onderwyser as in onderartikel (3) van artikel *twaalf* beskrywe is sodanige annuïteit of gratifikasie toeken, as die nood van die geval mag vereis, maar sodanige annuïteit mag in geen geval die helfte van sy op pensioen reggewende emolumente op die datum van sy dood te bowe gaan nie:

Met die verstande dat 'n bedrag gelyk aan die dubbelde van die bydraes deur die voormelde onderwyser gegee, tesame met rente teen vier persent per jaar uit die Fonds in inkomste gestort moet word: Met die verstande ook dat enige agterstallige bydraes wat op die datum van die onderwyser se dood onbetaal bly, afgeskrywe moet word.

(2) Enige sodanige annuïteit sou op—

- (a) in die geval van 'n weduwee, as sy hertrou;
- (b) in die geval van 'n man, as hy die leeftyd van agtien jare bereik; en
- (c) in die geval van 'n vroulike persoon, as sy die leeftyd van een-en-twintig jare bereik of benede daardie leeftyd trou.

Geen bepaling in hierdie onderartikel vervat mag uitgelê word nie, as so: hy die betaling van sodanige annuïteite, nadat die ontvanger die ouderdom respektieflik in paragraaf (b) of (c) genoem, soos die geval mag wees, bereik het daardeur belet word, solank die ontvanger ten gevolge van geestelike of liggaamlike swakheid nie in staat is om hom- of haarself te onderhou nie.

16. (1) As 'n onderwyser, wat tot die Fonds bydra, van die diens van die Departement na enige pos in die diens van die Regering van die Unie of van enige Provinsiale Administrasie in die Unie verplaas word en daardeur verplig of veroorloof word om tot 'n ander fonds by te dra en aldus bydra, kan die dubbelde van die bedrag van sy bydraes met rente jaarliks bereken teen vyf persent, in daardie fonds gestort word, en nadat sodanige storting geskied is, het die onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds of op die Administrasie nie. Die bepalings van hierdie onderartikel bet geen toepassing nie waar ander gelyksoortige bepalings nie bestaan nie vir onderwysers wat van die diens van die betrokke Regering of Provinsiale Administrasie na die diens van die Departement verplaas word, en hulle het ook geen toepassing nie in enige geval waarin, kragtens enige ander wet wat in hierdie Gebied van krag is, enige betaling van enige bedrag verteenwoordigende regte of voordele wat aan 'n onderwyser op grond van hierdie Proklamasie of op grond van Hoofstuk IX (Pensioene) van "De Onderwijs Proklamasie 1921" (Proklamasie No. 55 van 1921) toekom of aan hom toegekom bet, kragtens enige ander wet wat in hierdie Gebied van krag is, deur die Administrasie geskied, of die bydraes deur hom in die Fonds of in inkomste gestort.

(2) Wanneer die Administrasie, daartoe gelas of gemagtig deur enige wet, na die verplasing van 'n onderwyser van die diens van die Departement na die Staatsdiens van die Unie, na die Departement van Spoorweë en Hawens van die Unie, na die staf van enige skool of inrigting onder die beheer van die Regering van die Unie of 'n Provinsiale Administrasie in die Unie, of na die staf van 'n inrigting onder die Hoër Onderwys Wet 1923 (Wet No. 30 van 1923), van die Parlement van die Unie uit die Fonds of uit inkomste aan die Regering van die Unie, aan 'n Provinsiale Administrasie in die Unie of aan die autoriteit in die Unie wat enige pensioen- of aftredingskema ingestel deur wet beheer, enige bedrag verteenwoordigende regte of voordele wat aan daardie onderwyser kragtens die Proklamasie toegekom het of toekom of die bydraes deur hom aan die Fonds of aan inkomste gegee betaal, het daardie onderwyser geen verder aanspraak op die Fonds of op die Administrasie nie.

17. (1) Die Administrateur moet volledige en ware rekenings van die Fonds laat hou, afsonderlik aantonnende—

- (a) al die geldsomme ontvang of betaalbaar en uitbetaal of terugbetaalbaar ten opsigte van bydraende onderwysers en besonderhede aangaande die sake en dinge waarvoor daardie geldsomme ontvang of uitgegee is;

time, until it can be discontinued or until the extent of the incapacity can be finally determined. If within a period of two years it appears from the prescribed medical certificate that the incapacity of a teacher so retired to contribute to the support of himself and his dependents has increased, an annuity granted under paragraph (b) or (c) of sub-section (1) of this section may be revised.

(3) The provisions of sub-sections (2) and (3) of section *eight* shall, *mutatis mutandis*, apply to any annuity granted under this section.

15. (1) If a teacher who makes contributions loses his life either from an injury sustained or from an illness contracted in the circumstances described in the last preceding section, whether death occurs immediately or within one year after the injury or commencement of the illness, the Administrator shall grant to or for the benefit of such dependents of the deceased teacher as are described in sub-section (3) of section *twelve* such annuity or gratuity as the necessities of the case may require, but such an annuity shall in no case exceed one-half of his pensionable emoluments at the date of his death:

Provided that an amount equal to twice the contributions made by the said teacher, together with interest at four per cent. per annum, shall be paid to revenue out of the Fund: Provided also that any arrear contributions remaining unpaid at the date of the teacher's death shall be written off.

(2) Any such annuity shall cease—

- (a) in the case of a widow, on her re-marriage;
- (b) in the case of a male on his attaining the age of eighteen years; and
- (c) in the case of a female on her attaining the age of twenty-one years or marrying under that age.

Nothing in this sub-section contained shall be construed as preventing payment of such annuities after the recipient has attained the age mentioned respectively in paragraph (b) or (c), as the case may be, for so long as the recipient, through mental or physical infirmity, is unable to maintain himself or herself.

16. (1) If a teacher who contributes to the Fund is transferred from the service of the Department to any post in the service of the Government of the Union or of any Provincial Administration in the Union, and thereby becomes liable or is permitted to contribute to another fund and does so contribute, double the amount of his contributions with interest compounded annually at five per cent. may be paid to that fund, and upon the making of such payment, the teacher shall have no further claim upon the Fund or against the Administration. The provisions of this sub-section shall not apply where similar provisions do not exist for teachers transferred from the service of the Government or Provincial Administration concerned to the service of the Department, and shall also not apply in any case in which under any other law in force in this Territory any payment is made by the Administration of any amount representing rights or benefits that have accrued or are accruing to a teacher under this Proclamation or under Chapter IX (Pensions) of the Education Proclamation, 1921 (Proclamation No. 55 of 1921), or the contributions made by him to the Fund or to revenue.

(2) Whenever upon transfer of a teacher from the service of the Department to the Public Service of the Union, to the Department of Railways and Harbours of the Union, to the staff of any school or institution under the control of the Government of the Union or a Provincial Administration in the Union, or to the staff of an institution under the Higher Education Act, 1923 (Act No. 30 of 1923), of the Parliament of the Union, the Administration, directed or authorised thereto by any law, pays out of the Fund or out of revenue to the Government of the Union, to a Provincial Administration in the Union or to the authority in the Union controlling any pension or retirement scheme established by law any amount representing rights or benefits that have accrued or are accruing to that teacher under this Proclamation or the contributions made by him to the Fund or to revenue, that teacher shall have no further claim upon the Fund or against the Administration.

17. (1) The Administrator shall cause full and true accounts of the Fund to be kept showing separately—

- (a) all sums of money received or due and disbursed or repayable in respect of contributing teachers and particulars of the matters and things for which those sums of money have been received or disbursed;

- (b) die datums van betaling van die eerste en al die later bydraes, tesame met al die kronologiese en ander besonderhede wat nodig is ten einde te bewerkstellig dat behoorlike rekenings van die Fonds ooreenkomstig hierdie Proklamasie en die regulasies gehou kan word en ten einde te bewerkstellig dat 'n waardering van die Fonds te enige tyd deur 'n aktuaris gemaak kan word;
 - (c) al die geldsomme betaalbaar aan of uit inkomste in verband met die Fonds;
 - (d) al die ander sake van belang voorgesien of bedoel in hierdie Proklamasie en die regulasies.
- (2) Die Administrateur moet die balans van die boeke en rekenings van die Fonds tot die een-en-dertigste dag van Maart in elke jaar laat opmaak en balansrekenings laat opstel aantoonende die bate en laste van die Fonds op die datum, wanneer die balansrekenings opgestel word.

18. (1) Die Fonds moet op die een-en-dertigste dag van Maart 1935 en elke vyf jare daarna deur 'n aktuaris gewaardeer word. Die aktuaris moet direk aan die Administrateur rapporteer en moet in sy rapport die data en die prosesse wat in sy ondersoek gebruik is, vermeld. Hy moet die bate en laste van die Fonds waardeer en moet enige surplus of tekort wat daarop voorkom verklaar, moet die oorsaak aangee waarom na sy mening daardie surplus of tekort (soos die geval mag wees) ontstaan het en die stappe wat volgens sy sienswyse behoort geneem te word om daarmee te handel. Die rapport moet op die Tafel van die Wetgewende Vergadering gelê word.

(2) As die waardering van die aktuaris 'n substansiële surplus aantoon bo die benodighede wat waarskynlik onder enige wet sal ontstaan, moet die voordele verhoog of die bydraes verminder word op sodanige wyse as die Administrateur mag gelas. As die waardering van die aktuaris 'n weselike tekort aantoon, moet die tekort gedek word, as nodig, op sodanige wyse as die Wetgewende Vergadering, onderhewig aan die bepalinge van artikel *agt-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika mag gelas:

Met die verstande dat niemand aan wie 'n pensioen toegeken is, dit, in die geval van 'n annuïteit, mag laat verminder, of, in die geval van 'n gratifikasie, opgeroep mag word om enige gedeelte daarvan terug te betaal nie;

Met die verstande verder dat die bydraes van inkomste nooit laer mag wees nie as wat asdan voorgeskrywe is as deur onderwysers betaalbaar.

19. Die besigheid van die Fonds moet deur die Rekenmeester vir die Gebied beheer word en die koste in verband met die heheer van die Fonds en enige ondersoek deur 'n aktuaris en daartoe bykomende sake moet uit inkomste bestry word.

20. Geen betaling uit inkomste wat deur hierdie Proklamasie hetsy aan die fonds, hetsy as 'n annuïteit of ander voordeel moet geskied, mag geskied nie behalwe kragtens bevestiging deur wet gedoen.

21. Die Administrateur kan op versoek van die ontvanger en onderhewig aan die vertoning van bevestigende geneeskundige sertifikate 'n annuïteit van ses-en-dertig pond of minder omset deur 'n enkele kontantbetaling deur 'n aktuaris bereken ooreenkomstig die tydperk waarvoor van die ontvanger verwag kan word dat hy die annuïteit sal trek. Die Administrateur kan, op versoek van die ontvanger, in soortgelyke omstandighede sodanige gedeelte van enige annuïteit as wat nie een derde daarvan te bowe gaan nie, deur 'n enkele kontantbetaling op soortgelyke wyse bereken, omset.

Ingeval die aftreding plaasvind, voordat die ontvanger die voorgeskrywe ouderdom vir aftreding bereik het, mag geen hoër som uit inkomste betaal word nie, as wat in die gewone loop aldus betaal sou word, as die annuïteit nie omgeset was nie en as die ontvanger geleef het, totdat hy die ouderdom bereik het, vanaf welke die annuïteit uit die Fonds betaal sou geword het.

22. Geen pensioen, of reg op 'n pensioen, kan oorgegemaak of oorgedra of andersins gesedeer of verpand of verhipotekeer word nie, nóg is dit of enige bydraes deur 'n onderwyser gegee blootgestel aan beslaglegging of onderwerping aan enige vorm van eksekusie kragtens 'n vonnis of bevel van 'n geregshof nie, en ingeval 'n bedeelde poog om 'n pensioen of reg op 'n pensioen oor te maak, oor te dra of andersins te sedeer of te verpand of te verhipotekeer, kan betaling van die pensioen teruggelê, opgeskort of geheel en al gestop word, as die Administrateur so besluit: Met die verstande dat die Administrateur die betaling van sodanige pensioen of gedeelte daarvan kan gelas aan enigeen of meer van die afhanklikes van die bedeelde of aan 'n trustee vir sodanige afhanklike of afhanklikes gedurende sodanige tydperk as hy mag gelas.

